e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

17 September 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 32

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Geestelike leierskap

Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.
(Josua 24: 15)

Die Predikantevergadering van 2009 het op 9 September die tema *Geestelike leierskap* hanteer. Die wêreld verander teen 'n duiseling-wekkende snelheid, en ons lidmate verander daarmee saam. Die kerk en die wêreld in 2009 is totaal anders as tien of selfs net twee jaar gelede. Terwyl die inhoud van die evangelie onveranderd bly, staan predikante as leiers voor 'n al groter wordende uitdaging. Hul leierskap verkeer onder druk. Die moderne mens vra na nuwe vorme van leierskap, 'n nuwe soort leier ook in die kerk.

Die tyd toe leiers geken is deur die posisies wat hulle beklee, en hulle hul gesag vanuit strukture kon aflei en uitoefen, is ook haas verby.

Ds Gys Els het met die opening uit Josua 24 die lig laat val op die eis dat elke geestelike leier 'n persoonlike keuse voor God sal maak, en hierdie keuse deur verhoudinge sal sigbaar maak. Dit gaan nie soseer oor wat jy sê nie, maar eerder oor wat jy voorleef, wie jy is. Geestelike leierskap is dat God se wil al meer in die lewe van mense sal saak maak en gestalte sal kry. Prof Stephan Joubert het die komplekse wêreld waarbinne die predikante as leiers moet optree geskets, as 'n vloeibare, snelveranderende omgewing. Hy het ook klem gelê op die verskil tussen bestuurders en leiers. Bestuurders hou strukture in stand, maar leiers bou eerder verhoudings, maak mense opgewonde oor 'n visie en snoer hulle saam, en is saam met die lidmate op pad.

Proff Johan Buitendag, Andries van Aarde en Ernest van Eck het tydens die minikonferensies die uitdaging wat elke predikant het, nader omlyn. Tydens die terugvoer was dit duidelik dat almal gekonfronteer was as geestelike leiers, en dat hulle opnuut moet vra na die grond, kwaliteit en waarde van hul leierskap in die Kerk en in gemeentes.

Ons kan nie meer bekostig dat die predikante die herders (leiers) is en die lidmate die skape nie. Lidmate wil ook nie meer soos skape behandel word nie. In die huidige tydsgewrig kom meer leiers in die kerk en in gemeentes na vore. Verskeie situasies, groeperinge en bedieninge in die kerk verg verskillende leiers op verskillende tye.

Geestelike leiers moet egter die hele tyd bly vra na die wil van God, steeds toets of ons nog volg waar God ons lei. Geestelike leiers behoort soos Josua te sê: *Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.*

Ds Herman van den Berg,
Elandspoort

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Johann Marnewick** van Johannesburg na Johannesburg-Wes (deelsorg)

Beroep bedank

- **Ds Thomas Dreyer** van Wapadrant na Welgelegen-Pietersburg

Ds Johann Marnewick

Ds Thomas Dreyer

Vakante standplaas

- Met ingang van 1 Oktober 2009 sal die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Pietermaritzburg** vakant wees. Belangstellende predikante word genooi om 'n CV in te dien voor **25 September 2009**. Dit moet 'n kort motivering van die aansoeker se persoonlike visie en vaardighede insluit. Die Kerkraad sal met die aansoekers onderhoude voer, en daar kan van kandidate 'n proefpreek in die gemeente verwag word. Kontak Jaco Behrens by **jbehrensm@mweb.co.za** of 079 506 9058, of Jan du Plessis by **drjandup@xsinet.co.za** of 082 859 5251.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Emerituspredikant **ds Johan (JJ) du Toit se skoonsuster** is gedurende die nag van 10 September oorlede. Sy was die suster van ds Du Toit se vrou, Rina.

Prof Bart Oberholzer

- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het tydens 'n middagete op Donderdag 10 September waardering aan **prof Bart Oberholzer** betuig vir die werk wat hy oor baie jare gedoen het as Bybelvertaler, en in die besonder die vertaling van die *Bybel vir Dowes*. Prof Andries Breytenbach het die woord gevoer, en verskeie ander persone verbonde aan die Bybelgenootskap was ook teenwoordig, onder andere ds Tony Simpson (voorsitter van die direksie van die Bybelgenootskap) en ds Wilhelm Steyn (vorige sekretaris in Kerkverband by die Bybelgenootskap). Hul eggenotes het hulle vergesel. Die vorige dag is daar tydens die Predikantevergadering 'n **oorkonde**, geskryf deur prof Breytenbach, aan prof Oberholzer oorhandig deur die visevoorsitter van die Kommissie, dr Daan van Wyk (jr). (Lees ook die onderhoud van Louise Geyser met prof Oberholzer in die Oktober 2009-uitgawe van *Konteks.*)

Prof Piet van der Merwe

Ds Hennie Aucamp

- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering op 10 en 11 September die aansoeke van **prof Piet van der Merwe** en **ds Hennie Aucamp** om aanvaarding van **emeritaat** goedgekeur. Albei aanvaar teen die einde van November emeritaat. Prof Van der Merwe se emeritaatakte is op Vrydag 11 September deur prof Bart Oberholzer oorhandig tydens die middagete van die Kommissie se kwartaalvergadering. Ds Hennie Aucamp se emeritaatakte sal op Sondag 29 November deur dr Daan van Wyk (jr), visevoorsitter van die Kommissie, oorhandig word by die kerkgebou van Gemeente Kathu.

- Tans maak verskeie gemeentes gebruik van **emeriti as pastorale hulpe**. Die Kommissie van die AKV het opnuut oor die saak gehandel by sy vergadering op 10 en 11 September. Daar is begrip vir gemeentes wat soms van dié hulp gebruik moet maak in 'n herstelfase, en soms moet finansiële herstel onder leiding van 'n emeritaspredikant plaasvind. Tog kan die Kommissie **nie toestemming** aan emeriti verleen om by gemeentes uit te help **vir tydperke langer as drie maande nie**. Dikwels moet uitsonderings gemaak word en die dienstyd verleng word. Dit is

egter nodig dat daar elke drie maande opnuut aansoek gedoen moet word indien die werk van ’n emeritus om ’n grondige rede voortgesit moet word. Kerkrade en emeriti word versoek om begrip te hê vir die Kommissie se situasie en saam te werk.

Proff Ben Engelbrecht
en Adriaan Pont

- Merkwaardige werk word deur **emeriti** in die Kerk gedoen. Ons noem hier net enkele gevalle. **Prof Bart Oberholzer** bring baie dae deur in die Kerkargief; hy doen tans navorsing en skryf oor die werksaamhede van die Kuratorium wat vanjaar sy eeufees vier. **Prof Adriaan Pont** is besig met studie en skryfwerk, veral vir programme van Radio Pretoria; hy neem ook gereeld deel aan die programme. **Prof Ben Engelbrecht** skryf soveel artikels dat dit nie almal gepubliseer kan word nie. Verskeie emeriti preek nog gereeld. **Ds Gert Roos** moet lank voor die tyd bespreek word vir ’n preekbeurt, en **ds Koos Naudé** van Potchefstroom skryf in ’n brief dat hy 50 eredienste waargeneem het in 2007 en 65 in 2008; hy bied nog elke week Bybelstudie vir bejaardes aan. (Lees gerus die artikel oor die emeriti se besondere insette in die Augustus 2009-uitgawe van *Die Hervormer.*)

Dr Paul de Beer

- Die **ring van Pretoria-Wes** hou op **15 Oktober** ’n buitengewone ringsvergadering om te handel oor **die lidmate by Midstream se afstigting** van Gemeente Olifantsfontein. ’n Kerkgebou is reeds by Midstream opgerig, en die gemeentelede daar is die afgelope tyd bygestaan deur **dr Paul de Beer**. Daar sal teen die einde van die jaar besin word oor die beroep van ’n predikant vroeg in die nuwe jaar.

- Die **ring van Middelburg** is saam met die gemeentes **Belfast, Dullstroom en Waterval Boven** besig met ’n unieke beplanning rondom die bediening van die drie gemeentes. Al drie gemeentes is tans vakant. Elke kerkraad en gemeente oorweeg op versoek van die Ringskommissie die voorstel dat die Ringskommissie van Middelburg ’n ringstandplaas skep en ’n predikant beroep met opdrag bediening van die drie gemeentes. Indien al drie gemeentes by die beplanning inval, sal Waterval Boven moet aansoek doen om in die toekoms onder die ring van Middelburg te ressorteer. Die gemeentes mag dalk later besluit om ’n eie kombinasie te sluit. Die onderhandelinge word fyn dopgehou, aangesien dit dalk in die toekoms op meer plekke in die Kerk toegepas sal kan word.

Ds Piet Steenkamp

Prop Lorret de Leeuw

- Die Kommissie van die AKV het **mnr Werner Olivier**, voormalige predikant van die Kerk, hertoegelaat tot die evangeliebediening en beroepbaar gestel. **Prop Lorret de Leeuw** is ook beroepbaar gestel. Hy het tevore die bediening van die studente in Bloemfontein op ’n tydelike basis help behartig. **Ds Piet Steenkamp,** wat gedurende Januarie ’n hartvervangingsoperasie ondergaan het, het sodanig herstel dat die Kommissie hom op sy versoek weer beroepbaar gestel het. **Ds Ockie van Schalkwyk** is beroepafwagtend nadat hy van Gemeente Outeniqua losgemaak is.

- ’n Belangrike **posstuk** is aan predikante wat as **huweliksbevestigers** geregistreer is, gestuur. Die dokument is in Engels geskryf maar sal vertaal word en binnekort weer gestuur word. Belangrike inligting rondom die bevestiging van huwelike en die hantering van die betrokke dokumentasie is in die skrywe vervat. Predikante word weer eens versoek om ’n gewaarmerkte afskrif van die huweliksregister saam met die huweliksertifikaat aan elke paartjie te gee nadat hulle in die huwelik bevestig is. Die bewys kan jare later benodig word as bewys dat die huwelik wel bevestig is. Groot probleme word in dié verband ervaar.

Dr Wilhelm Coetzer

- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering op 11 September gesprek gevoer met die **dagbestuur van die Algemene Diakensvergadering** (ADV) oor hul werksaamhede die afgelope 12 maande. ’n Uitvoerige verslag van die sekretaris, **dr Wilhelm Coetzer**, het veral aandag geniet. Dit is duidelik dat die werk van die diakens in die Kerk goed op dreef is, en dat barmhartigheid na behore aandag geniet. Die Kommissie het ook kennis geneem van verskeie probleme waarmee die diakens in die Kerk te kampe het.



Ds Thys Redelinghuys

- **Ds Thys Redelinghuys en sy vrou, Hermien,** besoek oor die naweek van 18 tot 21 September die lidmate in Harare. Hulle is reeds bekend en geliefd in die gemeente. Ds Thys sal die eredienste waarneem en ook 'n baba doop. Op pad na Harare word die lidmate in die Laeveld van Zimbabwe ook besoek.

- **Die volgende predikante verjaar van 18 tot 25 September,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 18 September: Ds Peet Kruger
  - Saterdag 19 September: Di Attie Hattingh en Kobus Pienaar
  - Maandag 21 September: Prof Adriaan Pont
  - Dinsdag 22 September: Di Zet Robberts en Errol Sheppard
  - Woensdag 23 September: Di Wouter Beukes en Neels Botha, en dr Gert Malan
  - Donderdag 24 September: Ds Thinus van Staden

- Predikante wat bereid is om **resensies van boeke of manuskripte** te skryf, word gevra om met dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie, in aanraking te kom. SENTIK se boekwinkel het nou ooreenkomste met 'n aantal uitgewers gesluit, en sal graag boeke wat van die uitgewers ontvang word, aan lidmate wil bekendstel. Daarby het die Kommissie van die AKV toestemming gegee dat SENTIK self weer boeke kan uitgee. Daar is reeds 'n paar manuskripte wat vir evaluering uitgestuur moet word. Predikante wat bereid is om daaraan mee te werk, moet asseblief aandui oor watter onderwerpe of vakgebiede hulle graag sou wou lees en skryf. Sodoende kan elkeen se kundigheid so goed moontlik ten bate van die Kerk benut word. Kontak dr Van Wyk by **wouter@nhk.co.za** of 012 322 8885 x261.

- **Gemeente Pretoria** beskik tans oor 'n **vakature vir 'n koster**. Aansoeke kan gerig word aan die skriba, mnr Frans Changuion, by Posbus 40784, Arcadia 0007. Die **sluitingsdatum is 15 Oktober**. Skakel mnr Changuion by 083 749 9281 vir meer besonderhede.

- Die sekretariële beampte van **Gemeente Marble Hall** sal met verlof wees van 14 tot 25 September, en die gemeentelike kantoor sal dus gesluit wees. Dringende boodskappe vir of korrespondensie aan ds Johan Koekemoer of die gemeente kan gedurendie dié tyd aan die skriba, mev Weldette Prinsloo, gestuur word by **weldette.prinsloo@tigerbrands.com**. Sy kan ook by 082 926 8147 geskakel word.

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Besoek en beleef saam vir 17 dae Paulus se reise na Turkye, Griekeland, Italië en die Passiespel in Oberammergau in Duitsland (een van die toerhoogtepunte). Daar is ook 'n opsionele verlenging na die Swartwoud, Rynvalle (Duitsland), Alpe (Switserland) en Parys (Frankryk). Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5127, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

Ds André Ungerer

Dr Hennie Botes

- Nog 'n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas teen 'n mededingende toerprys. Daar is die opsie om die toer te verleng met 'n Nylvaart. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

- **Aandag alle matrieks.** Was julle al ooit so besig soos nou? Berei julle voor vir 'n vakansieskool, die matriekeksamen, die matriekafskeid en baie ander dinge? Die Hervormde Kerk bied boonop weer 'n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Mount Joy Lodge bied gerieflike verblyf en het 'n eie swembad, maar is ook loopafstand van die strand af, en naby winkelsentrums. Vir net R1 900 kan jy 'n week lank weggaan saam met ander

x-matrieks. Dit sluit in twee ordentlike etes per dag (ontbyt en aandete), verblyf, vervoer, 'n T-hemp en ander uitstappies. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek dus so gou moontlik by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

Bejaardesorgsondag

- **Sondag 20 September** is **Bejaardesorgsondag**. Die deurkollektes word dan afgestaan aan bejaardesorg. 'n Brosjure met 'n spesiale liturgie vir dié dag is beskikbaar by dr Wilhelm Coetzer en mev Marié van Niekerk. Kontak hulle by 012 322 8885.

- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.** Hulle hou **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**, en wil ook 'n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds André Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of **anly58@gmail.com**.

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** 'n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle 'n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

Konserte en damesbyeenkomste

- 'n Konsert met jong Hervormers en die **Oorwinningskinders** word aangebied deur die **NHSV Potchefstroom** tydens hul **Damestee** op **Saterdag 19 September**. Navrae kan gerig word aan Magda Kok of Martie Dreyer by 018 294 6395. Vir optredes, skakel dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of Marita Fourie by 082 486 2420.

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied op **Saterdag 19 September** om 19:00 'n **opelugkonsert met Lianie May** aan by Laerskool Theresapark. Bring asseblief stoele saam. Daar sal etes te koop wees. Kaartjies kos R60 per volwassene en hoërskoolleerlinge, en R30 vir 'n laerskoolkind. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by 083 260 0983.

- **Gemeente Roedtan** bied op **Saterdag 26 September** om 19:00 'n **Vyfster-kersligete** aan in die skoolsaal van Roedtan. Die sanger wat optree, is Sorina, en sy sing liedjies van haar album *Praat met my*. Kaartjies is beskikbaar teen R200 per persoon. Kontak Hermien by 082 774 1022.

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 14:00 'n **damestee** aan in die kerksaal, hv Steven Masango- en Mc Donaldstraat, Belfast. Die tema is *Almal dra 'n hoed!* Die koste is R60 per persoon, en vir bejaardes R30 per persoon. Skakel 013 253 1601 vir meer besonderhede.

- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook 'n gelukkige trekking wees. Dit is net 100 km van Johannesburg af. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en 'n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou 'n **gholfdag** by Koro Creek Gholfklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** 'n **gholfdag** aan. Skakel Christelle by 083 737 4930 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Die 1ste prys is 'n motorboot van R160 000; die 2de, 3de en 4de pryse is naweke by die oord; die 5de prys is 'n kajak van R6 000; en daar is verskeie kleiner pryse te wen. Inskrywings kos R250 per hengelaar. Daar is ook die geleentheid om 'n geslagte en verpakte beestollie te wen deur 'n lootjie van R50 te koop. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Wesmoot** wil graag 'n bussie koop vir die vervoer van jongmense en bejaardes. Maak asseblief 'n donasie van R15 – SMS **WESMOOT** na 39055.

- In samewerking met wêreldklas mesmaker Ras Venter, stel **Gemeente Springs-Oos** hul **feesreeks messe** bekend, om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**. Bestel nou om die gemeente te ondersteun, en 'n 10de van die aankoopprys gaan aan die gemeente se fonds om 'n ouetehuis te bou. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel.

- Alle gemeentes word uitgenooi om aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetisie** deel te neem. 'n Pakket bestaan uit 50 boekies met 10 kaartjies elk @ R100 per kaartjie. Daar is dus die geleentheid om R50 000 in te samel met verkope. Die twee gemeentes vra net R5 000 vir 'n gemeente se deelname. Sou u al die kaartjies verkoop, is R45 000 dus u gemeente se eie. **Ons hou die kommissie en u kry die profyt!** Die 1ste prys is 10 verse en 'n bul (of R40 000 kontant), die 2de prys is 10 ooie en 'n ram (of R10 000 kontant), en die 3de prys is een week vakansie by die Suidkus. Daar is ook ander kleiner pryse. Die trekking is eers **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Naboomspruit** se **osbraai** wat vir 5 September beplan was, vind nou plaas op **Saterdag 10 Oktober** om 18:00 by die Naboomspruitse feesterrein. Geniet heerlike vleis, pap en slaaie vir slegs R50 per persoon, en kuier en dans tot laataand. Kontak Lena by 014 743 1325.

Basaars en markte

- **Gemeente Waterval Boven** bied op **Saterdag 26 September** die **MaKomati-gesinsfees** aan. Dit bestaan uit *quad bike*- en 4x4-roetes in die berge, 'n boogskietkompetisie, 'n kruitvuurvertoning, 'n boereontbyt met varsgebakte brood, en die aand 'n lekker langarmdans. Vir besprekings, kontak Elzabé by 083 267 5093. SMS die naam van die fees na 35959 teen R3 per SMS en wen dalk 'n skaap.

- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. 'n Vroeë ontbyt sal bedien word, en heelwat stalletjies sal wegneemetes voorsien. Verskeie pryse word aangebied, en daar sal 'n vendusie en 'n potjiekoskompetisie wees. Kom luister na die Monument-boereorkes met Bosveld Stereo as DJ. Navrae kan gerig word aan die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg** 'n **Kersmark**. Daar sal baie mooi Kersgeskenke wees, teen bekostigbare pryse. Kom geniet die dag saam met die Waterbergers. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belang-stellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

Dr Malan Storm

- Die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Hervormde Kerk vier sy **50-jarige bestaan** tydens sy kongres op **Donderdag 8 Oktober** om 09:00 in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark. Kontak dr Malan Storm by 083 308 1030 vir meer inligting.

- **to care** benodig die volgende **items** vir die dagsorgsentrums in Makapaanstad, en elke bietjie help!

  - Ou tydskrifte – enige onderwerp
  - Gebruikte A4-papier waarvan een kant nog bruikbaar is vir teken en verf, of rekenaarpapier
  - Enige plastiekhouers (met of sonder deksels), byvoorbeeld leë botterbakkies, fetakaashouers, roomysbakke, ou Tupperware-bakkies, ensovoorts
  - Potte, panne, ou skinkborde – enigiets!

  Die items kan na die kantoor van Linda Futcher gebring word, by die Sinodale Kerkkantoor in Jacob Maréstraat, Pretoria. Dit sal uitgedeel word by 28 verskillende sentrums.

- Die **to care foundation** bied weer **Placécol**-bederfdae aan op **Saterdae 10 en 17 Oktober**. Vir slegs R150 ontvang jy 'n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook 'n manikuur in 'n sessie van 'n uur en 'n half. Die sessies is van 08:30 tot 10:00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of **linda@tocare.co.za** om plek te bespreek.

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Vrydag 18 September: Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad
  - Dinsdag 22 September: Direksie van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) en Komitee van AIM



Vakature by SENTIK

- **Deeltydse Museumkundige**

  Kandidate wat beskik oor ’n graad of diploma in Museumkunde, of ’n ekwivalente kwalifikasie en ervaring, kan aansoek doen vir hierdie 3/8-pos, wat 15 ure per week behels, soos gereël met die sekretaris van SENTIK. Kennis en ervaring van bemarking sal ’n aanbeveling wees. Die SP Engelbrecht-museum word binnekort verskuif van die Sinodale Kerkkantoor in Jacob Maréstraat 224 na die kerkgebou van Gemeente Pretoria in Du Toitstraat. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Vrydag 18 September** om 15:00. Navrae en aansoeke moet gerig word aan mnr Piet Beukes (Hoof: Menslike Hulpbronne) by **piet@nhk.co.za** of dr Wouter van Wyk (Sekretaris: SENTIK) by **wouter@nhk.co.za**, of skakel hulle by 012 322 8885.

Vakatures by die Universiteit van Pretoria

Die onderstaande twee vakatures bestaan tans by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

- **Deeltydse termynaanstelling in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg**

  ’n Vakature wat in die geheel deur die Hervormde Kerk befonds word (ingevolge ’n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika), het in die deeltydse termynpos in die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg ontstaan. Die termyn van die pos is jaarliks hersienbaar. Die aantal ure wat die dosent per week vir die pos beskikbaar moet wees, sal onderhandel word.

- **Permanent-voltydse aanstelling in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap**

  ’n Permanent-voltydse vakature wat ingevolge ’n ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gevul mag word, het in die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap ontstaan.

  In albei gevalle word predikante van die Hervormde Kerk wat toepaslik gekwalifiseer is, ingevolge die voorgeskrewe prosedure genooi om aansoek te doen. Aansoeke moet van ’n *professionele portefeulje* vergesel wees, en moet in die voorgeskrewe formaat van die Universiteit van Pretoria gedoen word. Van die dosente sal verwag word om in ooreenstemming met die ekumeniese karakter van die Fakulteit te funksioneer. Die suksesvolle kandidate sal aangestel word op posvlakke in ooreenstemming met hul akademiese meriete.

  Rig navrae aan **me Hannie-Marie Swart** by **hannie-marie.swart@up.ac.za**. Aansoeke word *via* die Skriba van die Kuratorium gerig aan die Direkteur: Menslike Hulpbronne van die Universiteit van Pretoria en word **tot Vrydag 2 Oktober** ingewag. Indien die aanstellingsprosedures verloop soos beplan, sal die vakatures **met ingang van 1 Januarie 2010** gevul word.

Met die oog op die vakansiedag van Donderdag 24 September, sal die volgende *e-Hervormer* op Woensdag 23 September verskyn.

Saai die saad

Die Oktober 2009-uitgawe van *Konteks* word binne die volgende paar dae aan gemeentes gepos.

Oktober word gewoonlik aan die Kerkhervorming en die daarby passende tema van Bybelverspreiding gewy. Daarom is daar in hierdie uitgawe 'n spesiale uithaalseksie oor Bybelvertaling met 'n mooi historiese lyn vanaf die begin van die Kerkhervorming tot vandag. Ds Wilhelm Steyn was die bylaagredakteur.

Die metafoor van die saaier is ook sinoniem met Bybelverspreiding, daarom sluit die gelykenis van die saaier in Matteus 13 tematies goed aan by hierdie uitgawe. Die feit dat ons in dele van ons land die Biddag vir Gesaaides in Oktober hou, bring al die beelde treffend bymekaar.

Wat verder tref, is dat die gelykenis van die onkruid tussen die koring ook in Matteus 13 staan. Hierdie gelykenis het 'n eskatologiese dimensie. Dit gaan oor die eindoordeel waar God die koring en die onkruid skei. Dit dui daarop dat alles in God se hand lê en dat dit nie vir mense is om namens God te besluit wie as onkruid gereken moet word nie...





Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx